# Departement Bedryfsingenieurswese

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

ENGINEERING
EYOBUNJINELI
INGENIEURSWESE

# VOORGRAADSE PROGRAM

In die Departement Bedryfsingenieurswese streef ons deurlopend na akademiese uitnemendheid. Daar is tans 'n groter vraag na produktiwiteit, mededingendheid en doeltreffendheid in die wêreld as ooit tevore.

## BEDRYFSINGENIEURS FOKUS OP:

- Die oplos van baie moeilike en komplekse vraagstukke
- Skeppende en innoverende probleem-oplossing
- Die vind van eenvoud in kompleksiteit
- Skakeling oor dissiplines heen
- Begrip van watter probleem opgelos moet word om 'n impak te maak
- Die oplos van hedendaagse uitdagings waardeur die sakewêreld en die samelewing gekonfronteer word

Bedryfsingenieurswese is ŉ dissipline van ingenieurswese wat handel oor die optimalisering van komplekse prosesse of stelsels. Dit stel veral belang in die ontwikkeling, verbetering, implementering en evaluering van geïntegreerde stelsels van mense, geld, kennis, inligting, toerusting, energie, materiaal, ontleding en sintese. Daar word gebruik gemaak van die wiskundige, natuur- en sosiale wetenskappe, saam met die beginsels en metodes van ingenieursontwerp, om die resultate wat uit sodanige stelsels of prosesse bekom moet word, te spesifiseer, te voorspel en te evalueer.

Die onderliggende konsepte daarvan oorvleuel heelwat met sekere besigheidsgeoriënteerde dissiplines, soos bedryfsbestuur en finansiële bestuur, maar die ingenieurswese-kant is geneig om omvattende bekwaamheid in wiskunde en die gebruik van kwantitatiewe metodes te benadruk.




## HOE OM AANSOEK TE DOEN

Is jy ŉ kreatiewe en analitiese denker? ŉ Probleemoplosser? Dan is bedryfsingenieurswese vir jou.

DOEN HIER AANSOEK

## KONTAK ONS

**Voorgraadse Bestuurder**
Samantha Abrahams
sstarrling@sun.ac.za

**Departementele Voorsitter**
Prof Joubert van Eeden
jveeden@sun.ac.za

**Administratiewe Kantoor**
(021) 808 4234
www.ie.sun.ac.za